

Sondag 14 Februarie

Skrifgedeelte: Romeine 5:12-21; HK Sondag 7, Vraag 20

Fokusgedeelte: Romeine 5:18

Al die mense word nie salig nie

Daar is baie mense, insluitende sekere teoloë, wat op Vraag 20 van ons belydenis “ja” antwoord. Hulle motiveer hulle siening daarop dat God ’n God van liefde is (Joh. 3:8, 16), en ’n God van liefde sal nie toelaat dat mense vir ewig verlore kan gaan en smarte ly nie. Die probleem met hierdie siening is dat die mense wat dit aanhang, ’n eensydige siening van God het. God is wel liefde, maar die Skrif stel dit duidelik dat God ook ’n verterende vuur is (Deut. 4:24; Heb. 12:29) en dat dit verskriklik is om in die hande van die lewende God te val (Heb. 10:31). Daarom sê ons belydenis ook dat die geregtigheid van God eis *“dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is ook met die swaarste straf gestraf moet word – dit is die ewige straf aan liggaam en siel”* (HK So 4, Antw 11). Die feit dat in Vraag 20 Christus teenoor Adam gestel word, dui daarop dat die voorstanders van die siening dat alle mense gered word, hulle ook beroep op Romeine 5:12-21 waar Christus en Adam teenoor mekaar gestel word. So verklaar Paulus in vers 18: *“Soos een oortreding gelei het tot veroordeling vir alle mense, so het een daad van gehoorsaamheid dus ook gelei tot die vryspraak en lewe vir almal.”* Oppervlakkig geoordeel, lyk dit of Paulus wil sê dat alle mense in Christus gered word soos wat almal deur Adam in sonde gestort is. Paulus handel hier egter nie oor die vraag watter mense gered word en watter nie, maar oor *die wyse* waarop mense gered word, en dit is deur *toerekening* van die verdienste van Christus. Dan stel hy dit duidelik dat soos die sonde van Adam as verbondshoof alle mense toegereken word, so word die soenverdienste tot redding van Christus as nuwe Verbondshoof aan mense toegereken. Dat dit nie aan alle mense toegereken word nie, is nie hier ter sprake nie, maar elders wel (Rom. 8:29, 30, 33; 9:11, 23; Ef. 1:4, 5). Romeine 5:12-21 sê dus nie dat alle mense deur Christus verlos word nie. Dié wat van oordeel is dat Christus alle mense red, grond hulle siening op uitsprake soos dié in 1 Johannes 2:2 waar van Christus gesê word: *“Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir ons sondes nie, maar ook vir die van die hele wêreld.”* In die lig van die feit dat die uitverkiesing op talle ander plekke in die Skrif duidelik geleer word (Matt. 20:16; 22:14; Joh. 6:65; Hand. 13:48; Ef. 1:4; ens.), moet 1 Johannes 2:2 so verstaan word dat die soenverdienste van Christus ’n oneindige krag en waarde vir sy uitverkorenes het, maar terselfdertyd oorvloedig genoeg is om die sondes van die hele wêreld te versoen (DL 2:3).